

11 September

Skrifgedeelte: Genesis 44:1-34
Fokusgedeelte: Genesis 44:32-34

Geestelike groei

Kom ons dink vandag elkeen oor dit wat in ons lewens verkeerd is. Is daar bepaalde sondes wat dalk vir baie jare of selfs 'n leeftyd saam met ons kom en wat ons net nie kan afsterf nie? Het ons inderdaad 'n begeerte om weg te groei van verkeerde dinge wat ons in ons lewens raaksien?

Toe Josef se broers hom aan die Ismaeliete verkoop het, was hulle baie intens bewus daarvan dat hy hulle pa Jakob se liefingseun was. Dit het hulle so jaloers gemaak dat hulle hom wou doodmaak. Hulle het vir hulle pa gelieg en met sy bebloede klere die boodskap oorgedra dat 'n wilde dier hom verskeur het. Hulle het nie omgee vir hulle pa se gevoelens nie.

Nou in Egipte is daar weer 'n toets vir hulle. Josef sê hy gaan Benjamin as slaaf hou omdat sy silwerbeker by hom gevind is. Wat gaan die broers hierdie keer doen? Juda is hulle spreekbuis en hy erken teenoor Josef dat hulle pa vir Benjamin baie liefhet en baie geheg aan hom is (vs 20, 30). Hierdie keer wek dit egter nie by hulle jaloerie en haat nie. Hulle wil nie hulle pa weer so 'n smart aandoen soos met Josef nie. Hierdie broers het geestelik gegroei. Hulle was bereid om te leer uit hulle sondes en wou dit nie weer herhaal nie.

Is ons bereid om vandag dinge in ons lewens te kruisig wat in die verlede verkeerd was? Is ek bereid om God se koningskap ook oor daardie spesifieke sonde in my lewe te aanvaar?

Sing: Skrifberyming 15-8:3, 4

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)